

# Israeliese en Suid-Afrikaanse burgers se redes vir toetrede tot die Palestynse stryd

Marthie Momberg

---

Marthie Momberg, Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie;  
Dissipline-groep vir Sistematiese Teologie en Kerkleer, Universiteit Stellenbosch

---

## *Opsomming*

Waarom sou iemand wat nie self Palestyns is nie, die Palestynse stryd aktief en in die openbaar ondersteun? Hierdie artikel bied 'n oorsig oor die redes waarom Joods-Israeliese en Suid-Afrikaanse burgers aangesluit het by die Palestynse bevrydingstryd. Dus: Wat het die 21 deelnemers aan die navorsing laat beweeg van onbetrokkenheid na aktivisme? Ek beantwoord hierdie vrae aan die hand van navorsing vir my doktorsale studie in empiriese etiek. Dié kwalitatiewe, induktiewe studie was ondersoekend en is daarom gerig deur 'n navorsingsvraag eerder as deur enige teorieë of hipoteses. My doel was om die respondente se werklike redes vanuit hulle eie gesigspunte te verstaan, en daarom is die navorsingsresultate in die vorm van begronde stellings.

Ongeveer die helfte van die deelnemers het die stelselmatige, veelvlakkige en onwettige aard van Israel se magsmisbruik herken sonder dat hulle enige gevestigde Sionistiese persepsies of ander lojaliteite moes verskuif. Die ander helfte was egter onthuts, geskok en ontstel deur die magdom vals inligting wat hulle geglo het en dat hul lojaliteit teenoor Israel se beleid teenoor die Palestyne indruis teen hulle sienings van menswaardigheid. Hierdie groep het drastiese aanpassings gemaak. Nie een van die 21 deelnemers het dus hulle waardes verskuif toe hulle aktiviste geword het nie, maar almal het hul innerlike moraliteit met die werklikheid gekalibreer. Organiserende beginsels soos toeval, keuse, normaliteit, bestemming, intuïsie en die onverklaarbare speel 'n rol by almal se toetredes, en so ook 'n verskeidenheid kontekstuele faktore wat as katalisators of snellers gedien het. Almal is dit egter eens dat die Palestynse stryd 'n appèl plaas op hulle integriteit. Ten diepste het hulle behoefte om eerlik en konsekwent hul waardes ten opsigte van almal en in alle omstandighede uit te leef en om ander dieselfde te gun as vir hulself, hulle tot aksie laat oorgaan.

**Trefwoorde:** apartheid; BDS-veldtog; besetting; etniese suiwering; Gaza; handelingsmodi as motiverings; integriteit; Israel; Jerusalem; Jode; Joods-Israeliese aktivisme; kolonialisme; menseregte; militarisme; Nakba; niegewelddadige verset; onderdrukking; Palestynse stryd; redes vir aktivisme; Sionisme; Suid-Afrikaanse aktivisme; transnasionale solidariteit; vlugteling; Wesoewer

### *Abstract*

#### **Israeli and South African citizens' motivations for joining the Palestinian struggle**

Why would one publicly join the Palestinian cause if one is not Palestinian oneself? What about Israel, which also suffers violent attacks? Views on Israel and the Palestinians are often positioned as though there is a conflict between two equal entities. As a result, some people argue for a “balanced” or a “neutral” approach in a case that many deem as too complex to unravel or too hopeless to address. In this article I use some of the findings of my doctoral research in empirical ethics (Momborg 2017) to explain why Israeli and South African citizens joined the Palestinian struggle.

In this inductive, contextual case study I wanted to gain insight into why, from their own perspectives, a selected group of 21 South Africans and Jewish Israelis are participating in the Palestinian liberation struggle. The respondents were selected according to a snowball technique. Eleven are South African and the other half are from Israel; one person is a citizen of both countries. Since the research was exploratory, it was informed by the research question rather than by any suppositions, and the findings are presented in the form of grounded statements.

The knowledge sought is sensitive and very personal. I was interested in the activists' own opinions, values, preferences, attitudes, levels of (un)certainly, fears, existential perceptions, levels of commitment; that which allows for intention, moral deliberation, meaning, belonging or a sense of worthwhileness; information on how they view themselves in relation to others, and experience their practice; their motives, goals, roles, strategies, platforms and/or other reasons that inspire them. This implies that I wanted to gain insight into their innermost and perhaps the less clear or even conflicting urges, notions, feelings and cognitions that drive or motivate them to take a public stand.

I used in-depth, personal interviews, guided by a general paradigm of inquiry, and I encouraged each respondent to share her or his views freely. The manner and the sequence in which core areas were probed changed according to the flow of each discussion, but I started off by asking each respondent how long she or he had been involved in the Palestinian struggle. In almost all cases, the question elicited anecdotal responses, referring to earlier life experiences and cognitions that in hindsight underscored the respondents' initial commitment to the Palestinian struggle. Their various reasons for why they became, and continue to be, activists in the Palestinian struggle are explained in full in my dissertation (Momborg 2017:83–296), but in this article the focus is on those incentives that spurred the 21 civilians to move from no involvement to voluntary, public advocacy.

The respondents' reasons for joining the Palestinian struggle can be viewed through three lenses. These different angles are interwoven, and revealed complementary layers of answers as to why they first pledged commitment to active participation in the Palestinian struggle.

Firstly, their activism began with either the confirmation, or the challenge, of pre-existing perceptions. Ten people affirmed the Palestinians' experience of pain and their desire for freedom without needing to transform any pre-existing loyalties. They realised from their introduction to the matter that the nature of the tension is that of systematic and systemic oppression. They did not have to abandon any vested or treasured attachments before committing to activism. It may have taken them some time to develop a deeper understanding of the issue and/or to step formally into the public domain, but their grasp of the asymmetric nature of the dynamics was immediate. The other half discovered that their prior knowledge and impressions around the Palestinians and Israel had been inaccurate and they adjusted their views. Whether they changed vested loyalties and/or misperceptions before committing or not, the respondents' entry into activism was marked by two similarities: All realised the dynamics of a disproportionate power balance in which the Palestinians were responding to Israel's military, socio-political, economic and ethnic oppression and/or dispossession. They realised that arguments that underpinned the claims of a brave Jewish nation defending itself against ruthless, irrational Palestinian aggressors misconstrued the truth. Moreover, all ascribed the rise of their commitments to their life views and to values already present in their lives before they joined the Palestinian struggle.

But one cannot assume that a compelling awareness of the plight of the Palestinians necessarily leads to a willingness to intervene. Why, then, did the respondents move from recognition and affirmation to committed activism? The second lens highlights specific, varying organising principles that underpin the embodiment of the activists' pledge to the Palestinian struggle in their committing to advocacy. These modes are used to describe the rise of their commitment. They include normalcy; chance; a special calling or destiny; choice; a felt sense (an urge, instinct, intuition, guilt, shame, anger, excitement, being driven or pulled); urges and corporeal sensations and inexplicable realisations that seemed to hover just beyond the respondents' grasp or were difficult to express. All strongly sensed a personal appeal and something within themselves, over and above the logical factual merits of the cause. Thus it was not so easy to pinpoint one single, or even the deepest, behavioural mode for bridging the space between non-involvement and public advocacy.

However, the respondents did mention specific, contextual experiences that had served as triggers or catalysts to convince them of the validity of the Palestinian cause. These contextual experiences – that can be considered a third lens – included other human rights struggles, particularly the South African anti-apartheid struggle and the links of these with the Palestinian situation; the contributions of other people such as family members, public figures, intellectuals, writers and activists, as well as positive and negative encounters at conferences and dialogue forums. Ideological frameworks, movements, paradigms, spirituality and religion also influenced the respondents. Similarly, experiences and impressions of violence such as Israel's military abuse, and other encounters with armed struggle drew their attention and sensitised them to the abuses being perpetrated.

Notwithstanding the variety of experiences, exposures and modes of action, all 21 respondents' entry into the Palestinian struggle was characterised by the same core insights:

- The situation is not a deadlock or a “conflict” between equal partners, but a deliberate systematic and systemic oppression that benefits Israel by far.
- False information about who and what Israel is and does mislead the public.
- Human beings have the ability to act and to embody their convictions and life views.
- The Palestinians' experience of pain and their liberation struggle appeal to values such as empathy and compassion, honesty and transparency, equality and justice; and to personal and social identity and integrity.

Whether or not the activists' involvement was the outcome of years of exposure and change, and notwithstanding any of their other reasons, the central issue all of these respondents faced and affirmed regarding their committing to activism was a desire to align their existing inner values with the outer reality they encountered in and through the Palestinian struggle.

**Keywords:** apartheid; BDS campaign; colonialism; ethnic cleansing; Gaza; human rights; integrity; Israel; Jerusalem; Jewish-Israeli activism; Jews; militarism; motivations for activism; Nakba; non-violent resistance; occupation; oppression; organising principles that motivate activism; Palestinian struggle; refugees; South African activism; transnational solidarity; West Bank; Zionism

## 1. Inleiding

Waarom sou iemand die saak opneem van diegene wat dikwels geïgnoreer of as militante aggressors gebrandmerk word – die Palestyne?

Transnasionale aktiviste en organisasies wat ontstaan vir die Palestyne se menswaardigheid en regte word gereeld beskuldig van anti-Semitisme, leuens en verraad, of gesien as voorstanders van terreur. Joods-Israeli's met gewetensbesware wat militêre diensplig weier weens die onderdrukking van Palestyne, staar tronkstraf in die gesig (Greig 2018). Burgers van ander lande wat Israel se wandade uitwys of niegewelddadige verset ondersteun, ontvang haatpos, verloor hulle befondsing of werk (What we think 2019) of word vir ure of selfs dae deur Israel by grensposte aangehou en toegang tot Israel en die besette Palestynse gebied (die Wesoweer, Gaza en Oos-Jerusalem) geweier (MEMO 2017). Israel en die VSA het onlangs uit Unesco onttrek omdat hulle meen Unesco is partydig en anti-Joods (Israel & US 2019).

In hierdie artikel fokus ek op die redes waarom 21 Suid-Afrikaanse en Joods-Israeliese burgers vrywillig toegetree het as aktiviste in die Palestynse saak. Hiervoor gebruik ek die bevindinge van my doktorsale navorsing (Momberg 2017). Die induktiewe, kontekstuele gevallestudie is geïnspireer deur 'n algemene tekort aan wetenskaplike data oor die etiese oriëntasie van transnasionale aktiviste in die Palestynse stryd en, meer spesifiek, 'n gebrek aan empiriese inligting oor Suid-Afrikaanse en Joods-Israeliese aktivisme. Die studie was ondersoekend en daarom gerig deur 'n navorsingsvraag, eerder as deur bestaande of voorafbepaalde teorieë of hipoteses, en die navorsingsresultate is in die vorm van begronde stellings. Ek wou vasstel waarom, vanuit hul eie gesigspunte, 'n geselekteerde groep Suid-Afrikaners en Joods-Israeli's kampvegters vir Palestynse regte is.

Die aard van die ondersoek was sensitief<sup>1</sup> en persoonlik, omdat die 21 aktiviste se selfbegrip van hulle moraliteit, houdings, bedoelings, doelwitte, rolle, strategieë, (on)sekerhede, vrese, verantwoordelikheid, singewing en ervarings en enige ander motiverings ter sake was. Dit was nodig om insig te verkry in hul diepste en miskien die minder duidelike of selfs teenstrydige drange, opvattinge, gevoelens en idees wat hulle openbare standpunte motiveer. Indringende anonieme onderhoude is aan die hand van 'n breë vraagstellingsraamwerk, en nie 'n gestruktureerde vraelys nie, gevoer. Die respondente is aangemoedig om hul persoonlike menings vrylik te deel. Ek het die onderhoude telkens begin met 'n vraag na hoe lank elkeen reeds 'n aktivis vir Palestynse regte is, waarna elk dan begin praat het oor voorafgaande gebeure, gewaarwordings, lojaliteite en ander insette en faktore wat sy of haar toetrede geïnspireer het. Dit het my toegelaat om verdere toepaslike vrae aan elkeen te stel.

Die studie se bevindinge sluit 'n verskeidenheid motiverings in. Die hoofemas hou verband met die wisselwerking tussen die spesifieke kwessie tussen Israel en die Palestyne en 'n breër morele krisis in die wêreld; die rol van persoonlike, sosiale en nasionale integriteit; die belangrikste waardes wat die aktiviste deel, die rol al dan nie van godsdiens; asook waarom begrip vir, en die ontknoping van juis hiërdie saak so relevant en dringend is. Dit verskaf insig in die aktiviste se eie vrese en onsekerhede, hulle versugting na paradigmatische verskuiwings en in wat hulle as toepaslike doelwitte, haalbare bydraes en realistiese uitkomst beskou. Dit sluit af met 'n oorsig oor ervarings van singewing en estetika te midde van die puin van verwoesting en wanhoop. In hierdie artikel sonder ek egter net daardie beweegredes uit wat aanvanklik as aansporing gedien het om van onbetrokkenheid na daadwerklike deelname te verskuif. Met ander woorde, die fokus hier is op wat hulle geprikkel en aangevuur het om as kampvegters tot die openbare domein toe te tree.

Die artikel word ingelei met 'n kort oorsig oor wie as “Palestyns” beskou word, asook wie die deelnemers was. Daarna bespreek ek enkele tendense wat die fase van toetrede gekenmerk het. Dit behels eerstens die noodsaak al dan nie om gevestigde lojaliteite of belange ten opsigte van Israel en die Palestyne te verskuif. Tweedens word die rol van organiserende beginsels of modi wat hul reaksies moontlik beïnvloed het, ondersoek. Daarna volg 'n opsomming van eksterne stimuli of kontekstuele faktore wat bewusmaking en toetrede help fasiliteer het. Laastens belig ek sekere insigte wat by almal teenwoordig was tydens hul onderskeie toetredes. Hierdie insigte dien terselfdertyd as 'n omskrywing van wat die respondente as “die Palestynse saak” beskou het tydens hulle toetredes.

## 2. Agtergrond

### 2.1 Die aanloop na die Palestyne se oproep tot internasionale solidariteit: 'n oorsig


Teen 1918 was slegs 56 000 van die totale bevolking van 700 000 mense in Palestina Jode. Dit sluit Jode in wat van toenemende vervolging in Europa gevlug het. Na die Tweede Wêreldoorlog het nog meer getraumatiseerde Jode hulle in Palestina gevestig. Sommige van hulle het die idee van tuisland-Sionisme oftewel 'n veilige hawe en identiteit vir Jode in 'n gedeelde Palestina aangehang. Ander het staat-Sionisme met totale beheer en 'n eksklusiewe Joodse staat voorgestaan (Ellis 2014:28–30, 35–40). Toe die Verenigde Nasies (VN) in 1947 voorgestel het dat Palestina verdeel word tussen die Joodse en die Arabiese inwoners van die land, het Jode slegs 5,67% van Palestina besit (Jones 2018:510–2).

Uiteindelik het staat-Sionisme geseëvier. Die oprigting van Israel is aangevuur deur 'n visie van etniese suiwering en nie net oorlog nie. Elf mans het op die koue Woensdagnmiddag van 10 Maart 1948 'n meesterplan in die destydse Rooi Huis in Tel Aviv geformuleer om Arabiese inwoners te verdryf. Later daardie nag het hulle gedetailleerde opdragte uitgereik om gewelddadig van die plaaslike bevolking ontslae te raak. Bestaande ondergrondse eenhede van Joodse militante moes “grootskaalse intimidasie en beleëring gebruik, dorpe en bevolkingsentrums bombardeer; huise, eiendomme en goedere aan die brand steek, mense uitsit en laastens landmyne in die rommel plant om te verhoed dat die verbanne inwoners kon terugkeer” (Pappe 2013:xii–xiii, 294 – my vertaling, ook elders). Hierdie planne is nougeset uitgevoer. Sionistiese magte het Palestynse stede aangeval en sowat 530 dorpies vernietig. Honderdduisende Palestyne het oornag vlugteling in hul eie land geword en op 14 Mei 1948 wakker geword in 'n nuwe staat, Israel. Hierdie gebeure staan algemeen bekend as *al-Nakba* (Arabies vir “die katastrofe”). Sedert die oprigting van die Joodse staat beskou Israel se opeenvolgende regerings die Palestyne in Israel as tweedeklasburgers, terwyl diegene in die besette Palestynse gebied grootskaals onderdruk word en die vlugteling se terugkeer verbied word.

Historiese ontledings wys egter dat die Arabiere (Moslems, Christene en andere) veel langer as die Jode in die gebied woon en dat hulle die streek ook aansienlik langer beheer het. Trouens, die landstreek is in geen stadium deur slegs Jode bewoon nie (Raheb 2014a; Jones 2018; Spangenberg en Van der Westhuizen 2018). Die Joodse skrywer Shlomo Sand (2010) bewys verder stap vir stap dat die idee van die Jode as 'n homogene groep of ras glad nie aanvaar kan word nie. Daarby dui die Bybelse Israel op 'n groep mense en nie op die moderne staat nie. Daar is ook geen beloftes in die Bybel of in die Torah wat aan enige vaste landsgrense gekoppel kan word nie. Die idee dat daar historiese en/of godsdienstige gronde is om die Palestyne as indringers te beskou, het dus hoegenaamd geen gronde nie.

Sedert 1948 gaan Israel ongebreideld voort om derduisende Palestyne in Israel én in die besette Palestynse gebied te beseer, te vermoor of onder dwang te verplaas om sodoende nog meer Palestynse grond en hulpbronne te konfiskeer. Israel bou voort aan die onwettige skeidingsmuur en aan nedersettings wat eintlik stede met parke, skole en universiteite of gevestigde dorpe met uitgebreide landbou-ondernemings is. Die Palestyne se toegang tot en gebruik van hul eie eiendom word ingeperk; infrastruktuur soos huise, paaie, waterbronne, moskees, klinieke en skole word vernietig; en die Palestyne is voortdurend onderworpe aan teistering, vandalisme en geweld. Die vernietiging van privaat en openbare eiendom, die gedwonge verskuiwing van Palestynse burgers, asook die verplasing van 'n deel van Israel se bevolking na die besette gebied word deur internasionale reg verbied. (Verenigde Nasies se kantoor vir die koördinering van humanitêre sake 2015, 2017a, 2017b.)

Verdere besonderhede van grondvergrype is beskikbaar op die webwerf van die VN (<http://www.ochaopt.org/maps>) saam met tweeweklikse verslae oor ander onwettighede, maar die volgende kaarte (“If Americans Knew” kantoor- en bestellingskoördineerder 2014) bied 'n breë oorsig van Israel se oorname van historiese Palestina:



**Figuur 1. Palestynse verlies aan grond vanaf 1947 weens Israeliese invalle**

- Heel links: historiese Palestina onder Britse Mandaat in 1947.
- Tweede van links: Die VN se skeidingsplan van 1947 het 45% aangewys vir die Arabiese meerderheid ('n Arabiese staat) en 55% vir die Joodse minderheid ('n Joodse staat).
- Tweede van regs: Joodse militante het die staat Israel eensydig in 1948 aangekondig op 78% van historiese Palestina. Tussen Mei 1948 en Junie 1967 het die ander 22% bestaan uit die Gazastrook (beheer deur Egipte) en die Wesowewer en Oos-Jerusalem (beheer deur Jordanië).
- Heel regs: Sedert 1967 en Israel se verdere gewelddadige invalle word Gaza, die Wesowewer en Oos-Jerusalem militêr deur Israel beset.

Talle navorsers (wat ook Jode insluit) beskryf Israel se meedoënlose inname van Palestina as 'n koloniale en 'n imperiale projek wat angevuur word deur die ideologie van Sionisme (Davis 2003; Ellis 2009, 2014; Pappé 2013; Sand 2010). Sionisme vermeng nasionalisme met godsdiens ter bevordering van geopolitieke, sosiale, etniese, juridiese, ekonomiese en militêre dominansie<sup>2</sup> ten koste van die grootste deel van die inheemse bevolking. Die kombinasie van Israel se dekade lange etniese suiwering en apartheid (Verenigde Nasies 2002:6; Tilley 2009; Erakat en Madi 2012; Pappé 2013),<sup>3</sup> die dubbele standaarde van regerings en wêreldliggame wat sanksies teen sommige lande goedkeur maar nie ten opsigte van Israel nie, asook gelowiges wat meen Israel is 'n uitsondering en hoef daarom nie menseregte te onderhou nie (Kairos 2015), is – om die minste te sê – 'n skandalige mislukking van die VN se formele verklaring in 1948 om alle mense se fundamentele menseregte te beskerm. Géén staat wat plaaslike inwoners marginaliseer, verdring en uitmoor, kan verdedig word nie.

Dit is ironies dat Christene, Moslems en ander Palestyne wat niks met die Joodse vervolging in Europa te make gehad het nie, tans deur Israel onderdruk word. 'n Beleid en praktyk van meerderwaardigheid, fascisme, etniese verwerping en onteiening deur militêre mag en diskriminerende wette het destyds ook Nazi-Duitsland se sosiaal-gedrewe nasionalisme ondersteun. Is dit nie juis die soort dinamika wat die wêreld nooit weer wil herhaal nie? 'n Soortgelyke ideologie van rasgebaseerde meerderwaardigheid, onderdrukking en diskriminasie wat tot die afgrysligheid van die Holocaust en apartheid in Suid-Afrika gelei het, karakteriseer tans Israel se beleid en praktyk teenoor die Palestyne. Maar die ironie verdiep wanneer 'n mens ook vra tot watter mate die res van die wêreld 'n rol speel in die onreg. Ten opsigte van die Weste, stel Spangenberg en Van der Westhuizen (2018:123) dit soos volg:

Israel tree as agent van die Weste in die Ooste op en in ruil daarvoor word Israel by Westersheid en dus by globale Westerse witwees geïnkorporeer. Witwees en menslikheid hou met mekaar verband soos weerlig en donderslag. Die een vloei uit die ander voort. Sodoende word 'n ommekeer bewerkstellig. Die verontmensliking van die Nazi-beleid, en die eeue van vervolging in Europa wat dit voorafgegaan het, word nou omgekeer.

Die herhaaldelike ontworteling van Palestyne beteken dat hulle tans breedweg uit drie groepe bestaan. Eerstens is daar diegene wat oornag Israeliese burgers geword het toe Joodse militante op 14 Mei 1948 die grootste deel van historiese Palestina tot Joodse staat verklaar het. Tot onlangs het meer as 65 wette en ander meganismes teen alle Arabiese-Palestynse burgers gediskrimineer (Adalah 2017). Sedert die bekragtiging van Israel se basiese nasiestaatswet in 2018 (Wikipedia 2019) het Israel se diskriminasie teen die 20% nie-Joodse bevolking egter verdiep, omdat dit konstitusionele waardes verteenwoordig en veel moeiliker is om te herroep as 'n gewone wet.

Tweedens het ongeveer 750 000 van die destydse sowat 900 000 Palestyne tussen 1947 en 1949 vlugtelinge geword (Dimbleby 1979:33–4; Pappé 2013). Israel verbied hulle om na hul eiendom in Israel/Palestina terug te keer. In die Sesdaagse Oorlog van 1967 het nog Palestyne vir hulle lewens gevlug en sommige is selfs vir 'n tweede keer ontwortel. Talle van dié wat na Libanon, Sirië, Koeweit en Libië gevlug het, is later nogmaals onthoem en tans is meer as sewe miljoen (67%) van alle Palestyne gedwonge ontworteldes.

Die derde groep woon in die besette Wesoewer, Gaza en Oos-Jerusalem waar Israel outoritêre, militêre beheer uitoefen oor elektrisiteit, handel, valuta, eiendomsreg, stedelike beplanning en konstruksie; asook oor toegang tot howe, mediese geriewe, onderwysinstellings en talle ander aspekte van menslike beweging en vryheid op grond, in die lug en op die water.

Na verskeie fases van weerstand (wat ook gewelddadige verset ingesluit het, maar sonder voldoende vordering) het Palestynse burgers in 2005 die internasionale gemeenskap gevra om hulle te help met georganiseerde niegewelddadige verset teen Israel. Hierdie veldtog, algemeen bekend as die BDS-veldtog, behels boikot, sanksies teen, en die onttrekking oftewel disinvestering van beleggings uit Israel. Dit word ernstig gekritiseer deur die Israeliese regering en die staat se ondersteuners. By verre die meerderheid burgerlike Palestyne (Barghouti 2011:5) ondersteun egter die oproep. Die oproep kom juis vanaf Palestynse burgers omdat hulle vertrouwe verloor het in hul politici weens die jare lange gebrek aan 'n verenigde visie tussen die partye. Hulle is ook teleurgesteld in die Palestynse Nasionale Outoriteit oftewel die tussentydse regeringsliggaam wat na die Oslo-verdrag van 1994 op die been gebring is. Daarby



is die wêreld skynbaar nie daartoe in staat om meer as sewe dekades se ongeregtighede te beëindig nie. Hierdie drie redes het daartoe gelei dat gewone Palestyne hulle politieke leierskap systap in 'n burgerlike oproep om hulle basiese regte op te eis (Barghouti 2014a:7).

Die BDS-veldtog doen 'n beroep op die Palestyne se reg op vryheid, geregtigheid en selfbeskikking aan die hand van drie punte (Barghouti 2014a:4–6): Eerstens vra hulle vir die beëindiging van Israel se besetting en kolonisering van alle Arabiese grond sedert 1967 asook die afbreek van die Israeliese skeidingsmuur wat nie op die internasionaal-erkende grens (die sogenaamde Groen Lyn) opgerig is nie. Tweedens vra hulle dat die fundamentele regte van Israel se Arabies-Palestynse burgers erken word deur volle gelykheid en geen diskriminasie nie. Derdens vra hulle vir die beskerming en bevordering van Palestynse vlugtelinge se reg om terug te keer na hulle eiendomme in ooreenstemming met VN-resolusie 194.62.

Teen die historiese agtergrond en in die lig van hierdie siviele oproep het ek besluit om in my navorsing slegs aktiviste wat inklusiewe menseregte, niegewelddadige verset en internasionale wette ondersteun, te ondervra. Al die deelnemers beskou die Palestyne as 'n groep mense wat nie net in die besette Palestynse gebied woon nie, maar ook in Israel en in die diaspora.

## 2.2 Die herkoms van die 21 respondente

Ek het 'n sneeubal-tegniek gebruik om mense te identifiseer met wie ek onderhoude kon voer. Die studie se respondente is mense wat ek geken het, mense wat aan my voorgestel is en mense aan wie ek geskryf het.

Die studie se keuringskriteria het Suid-Afrikaanse burgers nie beperk tot spesifieke godsdienstige of kulturele oriëntasies nie. Almal van Israel moes egter Joods wees, want anders as Joods-Israeli's het Arabiese Christene, Moslems en ander nie-Joodse Israeli's aansienlik minder regte. Hulle kon dus nie aan die gevallestudie deelneem nie.

Uit die totale 21 respondente was daar 11 Suid-Afrikaners en 11 Joods-Israeli's, omdat een persoon burgerskap van albei lande het. Twee van die Israeli's het ook burgerskap van die VSA. Een persoon was ten tye van haar onderhoud vir slegs 18 maande 'n pleitbesorger vir die Palestyne, wat die minimum periode in die keuringsvereistes was. Byna twee derdes (13 persone) was reeds vir tien of meer jare betrokke en byna 'n kwart vir meer as 30 jaar. Die meeste deelnemers (16) was reeds aktiviste in die Palestynse saak teen die tyd dat hulle 30 geword het.

Van die 10 vroulike en 11 manlike deelnemers is sommige gelowige Moslems, Jode en Christene, terwyl ander eerder identifiseer met humanisme, spiritualiteit, ateïsme of 'n postparadigmatiese oriëntasie. Dit was interessant dat die term *Joods* onder die Joodse respondente, hetsy van Israel of van Suid-Afrika, nie noodwendig 'n affiliasie met Judaïsme insluit nie. Volgens hulle verwys *Joods* eerder na 'n historiese, kulturele en/of 'n burgerlike identiteit wat hulle as hul primêre identiteit beskou.

Al die onderhoude se transkripsies is beskikbaar in die studie se hermeneutiese eenheid in 'n ATLAS.ti databasis. Die aanhalings in hierdie artikel is beskikbaar in my proefskrif (Momborg 2017:109–262).

### 3. Dryfvere vir toetrede tot die Palestynse saak

Die wye verskeidenheid van faktore wat 'n rol gespeel het in die aanloop tot die respondente se toetrede tot openbare voorspraak word hier deur drie lense beskou.

#### 3.1 Die noodsaak vir verskuiwings al dan nie in vroeëre oortuigings

Nie almal het met hul eerste kennismaking van die Palestyne besef wat die werklike aard van die verhouding tussen Israel en die Palestyne is, of dat hulle 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die Palestyne het nie. Sommige het van meet af aan die dinamika herken, terwyl ander se persepsies oor die dinamika drasties verskuif het. In albei hierdie groepe was daar diegene wat vinnig tot aktivisme toegetree het en andere wat jare of selfs dekades geneem het voordat hulle aktiviste geword het.

##### 3.1.1 Geen verskuiwing in lojaliteit nie

Ongeveer die helfte van die respondente het met hul eerste kennisname van die kwessie onmiddellik die dinamika as dié van 'n onewewigtige magsbalans en 'n doelbewuste, stelselmatige (sistematiese) onreg wat op veelvuldige vlakke (sistemies) deurgevoer word, herken. Tien persone in hierdie subgroep – ses Suid-Afrikaners en vier Joods-Israeli's – het besef dat die Palestyne in die greep van Israel se militêre besetting is. Sommige het wel oor 'n tydperk 'n dieper begrip van die kwessie ontwikkel of eers later die openbare domein betree, maar almal het reeds tydens hul eerste blootstelling besef dat die Palestyne by verre die meeste ly en dat dit te wyte is aan growwe oortredings van menseregte. Hierdie insigte was geensins gekoppel aan voorkeure vir enige nasionaliteit, kultuur of ras nie. Dit het eerder verband gehou met die basiese beginsel dat dit verkeerd is dat een groep mense 'n ander groep mense grootskaals, doelbewus, planmatig, langdurig en op 'n verskeidenheid vlakke op grond van etniese redes onderdruk, oorheers en uitbuit.

Drie swart Suid-Afrikaners wat deel was van hul land se bevrydingstryd het onmiddellik gesnap wat voorhande is en dit só verwoord: “Dis die identifikasie, die 'oh gosh', dis wat met ons gebeur het ... dis érgers as wat met ons gebeur het” (Momborg 2017:110). 'n Veel jonger wit, Joodse Suid-Afrikaner onthou 'n soortgelyke intense ongemak weens die dinamika wat sy aangevoel het. Sy het as jong kind rassistiese ondertone in haar grootouers se opmerkings oor die “Arabiere” geregistreer in die manier waarop hulle oor Palestyne en swart Suid-Afrikaners gepraat het. Sy was in daardie stadium te klein om vertrouwd te wees met die besonderhede van die twee kwessies, maar was nietemin intens ongemaklik dat groepe mense op grond van hul sogenaamde ras as minderes beskou is.

Ses ander wat ook verwys het na Suid-Afrikaanse apartheid het dit egter nie pertinent verbind met hul eerste treë na aktivisme nie. Hulle koppel hul toetredes eerder aan hulle waardes. 'n Christen het byvoorbeeld oorgegaan tot aksie toe hy besef het dat Bybelvertalings gemanipuleer is om geografiese verwysings na “Palestina” te vervang met “Israel”. Ander se redes was dat hulle grootgeword het met die idee dat hulle 'n verantwoordelikheid het om op diskriminasie en lyding, veral weens nietersaaklike kategorieë of om onregverdige redes, te reageer. Soos 'n jong Israeli dit gestel het, dit was “humanistiese idees, algemene menseregte, dat elke mens gelyk is, iets baie basies, feminisme, iets baie wyd en nie spesifiek tot die Palestyne of die besetting nie” (Momborg 2017:111) wat haar geïnspireer het. Vir 'n manlike Israeli dien sy ma as sy basiese en eerste inspirasie vir sy werk. Sy was voorheen 'n aktivis in

Argentinië en hy het van haar geleer dat regimes selfbelang nastreef en dat enigiemand wat praat in die naam van die nasie sonder om hul argumente op inklusiewe waardes te skoei, mense mislei en dus verdag is. Wanneer hy onreg sien, voel hy daarom verantwoordelik om te reageer.

Nie een van hierdie tien het dus enige gevestigde belange of waardes verskuif voordat hulle by die Palestynse stryd betrokke geraak het nie. Hulle het duidelik en vinnig besef daar is 'n wanbalans in mag tussen Israel en die Palestyne en dat die dinamika nie 'n konflik tussen twee gelyke partye is nie.

### 3.1.2 Radikale verskuiwings in persepsies

Die ander helfte (11 persone) het tot die gevolgtrekking gekom dat hul heersende persepsies ten opsigte van Israel en die Palestyne uit voeling met die werklikheid was. Hulle het almal drastiese persepsieverskuiwings ondergaan. Dit is interessant dat selfs mense wat hulle voorheen in Suid-Afrika, Argentinië, die VSA, Viëtnam en die voormalige Tsjeggo-Slowakye beywer het vir die regte van onderdrukte, ook aanvanklik nie die dinamika van Israel se kolonialisme en onderdrukking gesnap het nie. Die meeste het Sionisme as 'n goedaardige, sosiale projek in 'n sogenaamde onontwikkelde, onbewoonde land gesien waarheen Europese Jode verhuis het. Hulle het dit dus nie herken as 'n etniese, politiek-ekonomiese projek van apartheid en grondonteiening onder die dekmantel van godsdiens en sekuriteit nie. Twee ander persone se idees van 'n eskatologiese verstaan van die Bybel of van 'n godsdienstige botsing tussen Jode en Moslems het ook verander.

In hierdie groep het sommige se ideologiese grense met verdrag oor jare heen verskuif (ses persone), en ander s'n weer oor 'n korter tydperk (vyf persone). Maar wat ook al die tempo van verandering, die besef dat hulle voormalige sienings nie net feitelik verkeerd was nie, maar ook in skrilte kontras is met hul onderskeie selfsienings, was skokkende gewaarwordings. Hulle het hulself immers beskou as pligsgetroue, sosiaal-betrokke, empatiese burgers met gesonde waardes. Diegene met meer kompakte of vinnige verskuiwings beskryf die inkeer as 'n groot keerpunt, 'n punt sonder omdraai, die verkrummeling van 'n fasade, die inplof van mure, 'n openbaring, 'n revolusie, 'n radikale verandering, die pad na politieke bewustheid, transformasie, 'n bevryding van geweldige sosiale druk, of 'n oomblik toe alles in mekaar begin pas het. Veral die Jode in hierdie subgroep – hetsy van Suid-Afrika of van Israel – praat van ontgogeling en disintegrasie gevolg deur intense innerlike wroeging. Hulle voel verraai deur militêre bevelvoerders, onderwysers, ouers, rabbi's – kortom, deur hul samelewing – omdat hulle nie vertel is van die *Nakba* van 1948 en die voortgesette onreg daarna nie. 'n Voormalige vlieënier het gevoel “alles is 'n groot leuen rondom my. Ek het gevoel dat hulle hierdie hele geslag in 'n klomp moordenaars verander het” (Momborg 2017:113). En tog: hy kon deur sy disoriëntasie en wanhoop uiteindelik 'n weg vind na iets nuuts, iets beter, wat onder meer sy toetrede tot aktivisme behels het. “Jy weet jy tuimel af en af en af en alles val in op jou totdat jy neerstort en daar bly lê, of jy kan nuwe hoop vind en dit dan rig op jou doelwitte en dit, dit is die bemagtiging wat jy vind in 'n alternatiewe hoop” (Momborg 2017:114). Die proses is egter geensins maklik nie en gaan gepaard met 'n verbroekeling in identiteit met eksistensiële implikasies. Soos 'n Israeli in sy dertigerjare byvoorbeeld opgemerk het:

Ek was kwaad, woedend. Daar is vir ons gelieg ... op godsdienstige en spirituele en eksistensiële vlakke wil ek nie 'n leuen leef nie. Ek het met leuens grootword en is ek woedend daarvoor ... Ons sou een ding doen in die nag en dan, die volgende oggend, sou

ek sien die koerant sê iets heel anders. Dit het geblyk dat dit ook geld vir my geskiedenisklasse – dat ons niks leer oor die *Nakba* nie. Dat ons leer oor die oorlog van onafhanklikheid, maar dat Israeli's nie weet dat ons binne twee jaar 80% van die Palestynse volk verplaas het nie. Ons verdien om te weet sodat ons ingeligte besluite kan neem op persoonlike, sosiale en nasionale vlakke. (Momborg 2017:230)

Almal wat met verdrag tot insig gekom het, is Joods. Hulle onthou prosesse van afleer, oorleer en integrasie deur herhaaldelike lae van kruisverwysings tussen kontekste, herinterpretasie en dieper begrip in 'n selfgedrewe drang na sinchronisasie met die realiteit. Hulle onthou nie 'n enkele beslissende gebeurtenis, ervaring of tydstip wat uitgestaan het nie, maar eerder 'n opeenstapeling van kleiner insidente en openbarings oor 'n verloop van jare of dekades tot by die insig van 'n massiewe onreg. Hul toetrede tot aktivisme het dus 'n geleidelike aanloop gehad:

So dit was daar, dit was daar. Maar die eintlik stap om te kan erken, as 'n aktivis, dat dinge verkeerd is, het veel later gekom. Dit het ontwikkel deurdat ek pasifisme begin verstaan het deur my seun se weiering om militêre diensplig te doen. Dit het gekom deur die res van my kinders se besluite om ook nie by Israel se militêre mag aan te sluit nie en dit wat hulle gemotiveer het. So dit was 'n baie lang proses. (Momborg 2017:114)

Om dus op te som: Die motiverings vir toetrede toon tot dusver enkele ooreenkomste ongeag verskuiwings in gevestigde lojaliteite of indrukke, en ongeag die tempo van toetrede. Almal het besef dat die dinamika tussen Israel en die Palestyne dié is van 'n onwettige, sistematiese én sistemiese onderdrukking en dat die Palestyne hierop reageer. Hulle het verstaan dat talle wanvoorstellings, mites, onkunde asook doelbewuste oneerlikheid Israel se menseregte-oortredings verskans en beskerm. Die idee dat Israel 'n weerlose, onskuldige land is wat bloot haarself teen die aggressie van irrasionele Arabiere verdedig en die wêreld se onvoorwaardelike ondersteuning verdien, is onwaar. Dit was ook opvallend dat niemand gepraat het van verskuiwings in hulle waardes nie, maar eerder van verskuiwings in kennis en insig en van onbetrokkenheid na betrokkenheid.

### **3.2 Indrukke van organiserende beginsels grondliggend aan toetrede**

Blootstelling aan, of kennis van, die Palestyne se situasie beteken egter nie noodwendig dat iemand die Palestynse saak sal ondersteun, erken of daarby aktief betrokke sal raak nie. 'n Jong Israeli se broer met dieselfde blootstelling in hul ouerhuis het volgens haar op 'n heel ander pad besluit as sy wat reeds as jong tiener daarop aangedring het om saam met haar pa aan vreedsame proteste in die Wesoeer deel te neem. Nog 'n Israeli se een seun is 'n kardioloog en die ander wy sy lewe aan ekologiese kwessies. Volgens haar is albei betrokke by sosiale opheffing, maar hulle deel nie haar sieninge oor hul land en die Palestyne nie en sy meen dit hou verband met die verskil tussen ouerlike invloed en eweknie-beïnvloeding:

As jy in Israel gesien wil word as sielkundig goed aangepas, wil jy in die weermag dien. Hy het 'n duisend maal gesê: “Ek is in die weermag sodat jy, my ma, tuis in vrede kan slaap.” Dis hoe hy dit gesien het. Dis hoe almal wat hy ken dit sien. In die verkiesing stem hy meer liberaal, maar tog redeneer hierdie mense eenvoudig: “Ek is lief vir my land en ek doen alles sodat my ma in vrede kan slaap. Dis die Palestyne wat die skuld moet kry. Hulle gooi vuurpyle.” Wat hulle inderdaad doen! Dis dus nie so eenvoudig nie. Kinders word so gebreinspoel in die Israeliese samelewing. Hulle word al vanaf

die ouderdom van 15 of 14 in die skool [uniforms] aangetrek en voorberei vir die weermag. Dis dus baie moeilik. (Momberg 2017:152-153; my invoeging)

As kennis en/of blootstelling nie deurslaggewend is om van 'n persoon 'n kampvegter te maak nie, watter ander faktore speel moontlik 'n rol? Die volgende deel van die bespreking fokus op die mate waartoe persepsies van modi of beginsels wat gedrag organiseer, bydraend was tot die toetrede tot aktivisme. Modi soos 'n gevoel van normaliteit, toeval, 'n spesiale roeping of bestemming, keuse, drang, instink, intuïsie en ander gewaarwordinge word bespreek.

Dit was opvallend dat my eerste vraag, na hoe lank elkeen reeds 'n aktivis in die Palestynse saak is, feitlik sonder uitsondering gelei het tot vertellings van die rol van vroeëre lewenservarings en gewaarwordinge in hulle toetredes. Een persoon het byvoorbeeld so begin: “Ek dink die manier waarop ek dit sou definieer, is – ek het grootgeword in 'n jeugbeweging. Ek was nog altyd aktief in my gemeenskap” (Momberg 2017:118). Met ander woorde, hy het sy toetrede verbind aan iets wat skakel met 'n tyd of status voordat hy die Palestynse saak as geldig ervaar het. Net so het die ander – ook diegene wat voorheen Israel ten koste van die Palestyne verdedig het – hul verbintnisse tot aktivisme verduidelik aan die hand van wêreldbeskouings, waardes en bedoelings wat reeds in hulle lewens aanwesig was voor hulle erkenning van die Palestyne se onderdrukking. Godsdiens was nie altyd op 'n positiewe manier vormend, rigtinggewend en aanleidend tot hul toetredes nie, weens die problematiese verband tussen Judaïsme en die Christendom met Sionisme. Dit beteken dat almal se bestaande waarde-oriëntasies, maar nie noodwendig hulle geloof nie, alreeds vóór hul betrokkenheid inklusief was. Dit geld ook vir diegene wat eers later hulle posisies en gedrag met betrekking tot die Palestyne en Israel met hul etiese oriëntasies belyn het.

Die organiserende beginsels onderliggend aan die eerste treë tot aktivisme was egter nie altyd vir almal ewe duidelik nie.

Byna die helfte verwoord hulle toetredes eksplisiet as natuurlik, normaal, as deel van 'n strewe na die herstel van normaliteit of as 'n voor die hand liggende uitvloeisel van dit waarvoor hulle reeds opgekom het. 'n Israeliese man wat tot insig gekom het nadat hy 'n aktiewe ondersteuner van Sionisme was, verduidelik byvoorbeeld dat dit vir hom só “natuurlik” is “dat as jy glo daar is iets waarvoor jy moet veg, dan glo jy dit. Dis so natuurlik dat ek jou vraag nie verstaan nie. As jy glo dat iets verkeerd is, moet jy iets doen om dit te verander” (Momberg 2017:118). 'n Jonger Israeli stem saam met haar medeburger, want vir haar is toetrede “normaal en daarom nie iets uitsonderlik nie” (Momberg 2017:118). Of, soos 'n Joodse Suid-Afrikaner meen, voorspraak vir Palestynse regte is nie spesiaal of verdien krediet nie, maar wel iets wat algemeen behoort voor te kom. Dis “'n normale, ordentlike ding om te doen en ons behoort nie gewag te maak van ordentlikheid nie” (Momberg 2017:118). 'n Moslem in sy laat vyftigerjare gebruik verskillende voorbeelde oor dekades heen om te verduidelik dat sy aktivisme teen rassediskriminasie 'n integrale deel van sy lewe is en nie maar net nog 'n projek nie. Vir hom en ander Suid-Afrikaners is hulle betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse stryd teen apartheid en hulle solidariteit met die Palestyne ten nouste gekoppel. Dit is eenvoudig “natuurlik en normaal vir mense om onder mekaar te woon” en om nie geskei te word nie (Momberg 2017:118).

In dieselfde trant wil die Israeliese respondente die abnormaliteit van hulle bestaan verruil vir 'n normale, geïntegreerde samelewing waarin mense vry, gelyk, veilig en gelukkig is in 'n bestel waarin alle burgers gelyke regte het. In hierdie gees verwerp al die deelnemers enige

interaksies en verbintenisse met Israel waarin gelowiges, die toerismebedryf, regerings, politici, sakelui, die publiek en enigiemand anders agter skuldgevoelens, geloofsoortuigings, naïewe en romantiese konstrunkte, mag- en besigheidsbelange of ander sentimente skuil sonder om die planmatige en veelvlakkige aard van Israel se diskriminasie openlik te erken. Die internasionale gemeenskap moet die onreg in die oë kyk en eerder help om die besetting en die onderdrukking te beëindig om “hierdie land te red van onself, om ons van onself te red” (Momberg 2017:137–8).

Drie deelnemers oorweeg ook toeval as ’n organiserende beginsel wanneer hulle die rol van onbeplande gebeure of geleenthede wat hulle pad gekruis het, opnoem. Iemand wat onverwags ’n paar maande in Jerusalem en omstreke bestee het, voeg by dat dit eintlik baie moeilik is om te weet wat presies sy aktivisme ontketen het. Dalk was dit ’n kombinasie van dinge, dalk het dit te make met ’n spesiale roeping of ’n lewensbestemming in dié sin dat ’n mens planne vir jou lewe het, maar op die ou end is jou lewe nie jou eie nie, het hy gespekuleer met verwysing na die lewensverhale van veterane uit die Suid-Afrikaanse apartheidstryd. ’n Joodse Suid-Afrikaner wat ook die rol van die noodlot oorweeg, gebruik die voorlopige term *byna* as sy die moontlikheid van ’n pad wat haar gekies het, opnoem. ’n Moslem vrou merk insgelyks op: “Ek het die Palestynse saak gekies, of miskien het dit my gekies” (Momberg 2017:119).

Daarteenoor het ’n toegewyde Suid-Afrikaanse evangeliese teoloog groter sekerheid weens sy eie ontugtering oor hoe Christen-Sionisme Israel uitsonder ten koste van Palestynse Christene, Moslems en andere. Sy onwrikbare, gedrewe toewyding wat “byna ’n missiologiese taak” is, is om uit te wys hoe ’n letterlike, eskatologiese verstaan van die Bybel nie net Israel se ongeregthede regverdig nie, maar ook die inklusiewe hart van die Christelike boodskap misken. Selfs ’n Joods-Israeli wat met geen bepaalde godsdienstige tradisie assosieer nie, voel op die een of ander manier soos ’n sendeling. Twee ander wat ook nie meer Judaïsme aanhang nie, gebruik soortgelyke woorde wanneer hulle sê: “Dis beslis my roeping [...] Ek doen iets wat ek moet doen. Daar is geen ander – ek betwyfel dit glad nie ... Ek kan dit nie nié doen nie”, en “Ek het ’n diep gevoel gehad dat ek op ’n missie is” (Momberg 2017:119).

Die rol van toeval, ’n roeping of dié van ’n normale, menslike reaksie sluit egter nie doelbewuste, noukeurige keuses uit nie: “Of dit nou ’n lewensbestemming is of nie, natuurlik was daar keuses wat gemaak is. Ek het keuses gemaak om te doen wat ek doen” (Momberg 2017:120). Die respondente ervaar dat hulle keuses moet uitoefen asook pertinente opsies én die vermoë om hul keuses te beliggaam. Trouens, sonder ’n beliggaming van hulle posisies voel hulle oortuigings onvolledig. Stilte is ook ’n besluit. Om net te praat of te skryf sonder om hulleself figuurlik gesproke “in die saak in te werp” voel onoortuigend en doen afbreuk aan integriteit. Oproepe om objektiwiteit en neutraliteit wat die rol van duidelike keuses misken, of voorhou dat die kwessie te kompleks, te uitgereek of te hopeloos is, oortuig hulle nie. Daar is duidelike keuses, soos vir of teen geregtigheid, gelykheid, regverdigheid en menswaardigheid; vir of teen onderdrukking; tussen apatie en die aanvaarding van verantwoordelikheid; en tussen gewelddadige en vreedsame verset. ’n Mens kan kies wat jy raaksien as jy in die straat afstap. Jy kan jou aan aggressiwiteit en selfsugtigheid onderwerp, of opstaan vir die ander. Soos ’n Moslem-deelnemer opmerk: “Ons kan terug sink in modder of ons kan uitdrukking gee aan die transendente wie se gees ons dra [...] Ek probeer my keuses uitoefen – vir die gemarginaliseerde” (Momberg 2017:120).

Daar is ’n soort onvermydelikheid wat beteken dat hulle hul blootstelling en kennis eenvoudig nie kan ignoreer nie. Nie eens vrees, inkennigheid, weerloosheid en ander vorme van

terughoudendheid – wat hulle inderdaad ervaar – keer hulle nie. “Soms voel ek asof ek nie kan stop nie” (Momberg 2017:121). ’n Joodse Suid-Afrikaner onthou sy gedagtes in die aanloop tot sy voordrag aan ’n taakspan van die regering. Tydens sy voorbereiding het hy sy eie motiewe ondersoek in die lig van sy weifeling om vir die eerste maal sy stem op ’n formele platform te laat hoor. “Hoekom gaan ek sê wat gaan sê? So ek moes dit uitwerk. Ek moes dit uitskryf. Maar ek het tog gevoel dat ek myself op ’n spreekwoordelike pad sien stap en ten spyte van emosionele hindernisse ’n bewuste besluit neem” (Momberg 2017:121). Hulle kies nie bloot om ’n saak te ondersteun nie, maar wil meehelp aan verandering. ’n Vroulike Israëli het byvoorbeeld gesê dit is “belangrik vir ons om dinge te doen, want om te doen is eintlik om te wees en daarom moet ’n mens aktief meehelp en deelneem aan die verandering anders is dit nie die moeite werd om te wees nie” (Momberg 2017:121).

Sommige ervaar hulle liggame as instrumente wat help met die verwerking van inligting of rigtinggewing. Hiervolgens dien die liggaam as ’t ware as ’n soort houder of ’n kompas wat data inneem, verwerk en verskaf. Een persoon meen dat haar indrukke sonder rasonale inmenging “op en af filtreer” terwyl sy stap of rondbeweeg. Hierdie alternatiewe denkproses bied dan die nodige spasie waarin die inligting sonder doelbewuste insette of inmenging verwerk word sodat dit selfs “die brein en ander maniere van kognitiewe en emosionele prosessering vooruitgaan” (Momberg 2017:121). ’n Jong vrou wat soms gespanne raak midde-in situasies met ekstremistiese en gewelddadige Sionistiese Jode in Wes-Jerusalem, stoor doelbewus die ongemak in haar liggaam vir latere verwerking en hantering. Wanneer sy dan wel net daar ’n besluit moet neem, kan sy die antwoord in haarself aanvoel en dan weet sy wat om te doen.

Hierdie interne bron(ne) word soms as *intuisie* of as *instink* bestempel, maar daar was nie duidelikheid of een of albei hierdie terme korrek, uitsluitend of selfs toepaslik is nie. Soms is albei terme in dieselfde sin deur dieselfde persoon gebruik. Een persoon gebruik die woord *intuïtief* telkemale, maar voeg by dat ook dié woord nie die mees geskikte is om haar indruk van innerlike kennis te beskryf nie. Baie fraseer hulle idees in woorde en frases soos “asof”, “byna” of “ek dink”. Die gemene deler tussen die verskillende ervarings is ’n gevoel van interne kennis of wysheid, “iets wat binne my is en sê: moenie dit uitwerk nie, hou net aan om dit te doen” in ’n proses wat die rasonale en die ego transendeer. Dit kan gekoppel wees aan ’n innerlike punt of kapasiteit wat moeilik is om vas te pen of te verstaan. “Jy werk van ’n innerlike – ek weet nie – krag wat jy nie altyd kan verstaan nie. Dalk sal sommige mense sê dis God wat in ons is. Ek dink ek sou sê nee, dit is die menslikheid in ons en hierdie menslike instink – of wat ook al – help my” (Momberg 2017:122).

Spesifieke gevoelens soos skuld, verantwoordelikheid, ’n besef van die Palestyne se lyding en – veral onder die Joodse deelnemers – ook skaamte en woede oor vals inligting noop hulle om betrokke te raak. ’n Joodse Israëli het byvoorbeeld “’n groot gevoel van skuld, omdat ek nie van beter geweet het nie; want ek was baie jonk en ek is nie op die regte manier opgevoed nie. So, ek voel ek moet bydra tot die toekoms” (Momberg 2017:122). Nog ’n Israëli noem ook skuld en verantwoordelikheid wat tot haar verbintenis gelei het: “Ek dink dis ’n gevoel naas skuldgevoelens. Dit gaan dus nie daaroor dat ek skuldig voel nie, maar eerder oor die feit dat my lewe aanvaarbaar en goed en veilig is en dit is nie regverdig dat ander mense so ’n aaklige lewe het nie” (Momberg 2017:122). Talle wat hul vorige sienings oor Israel en die Palestyne verander het, voel egter wel skaam weens die gapings tussen hulle waardes en die werklikheid. ’n Voormalige vlieënier in die Israelse lugmag onthou byvoorbeeld sy insig tydens ’n gespreksgroep tussen Joods-Israëli’s en Palestyne:

Ek dink dit het my baie skaam en baie verantwoordelikheid laat voel. As gevolg van hierdie ontmoeting het ek gevoel dat ek iets moet doen. Ek moes meer betrokke wees. Ek moes dit verbind aan my werk in die weermag alhoewel ek as 'n reservis net een keer per week gevlieg het. Skielik was al hierdie verskonings irrelevant. (Momborg 2017:132)

Dit is ironies dat Sioniste dikwels aktiviste beskuldig van skandalige optrede om só te probeer voorkom dat Israel se ongeregtighede ontbloom word. 'n Voormalige Sionistiese Suid-Afrikaner en 'n paar Israeli's verduidelik dat talle in die Joodse gemeenskap wél die problematiek verstaan en dit as sodanig teenoor Joodse aktiviste erken, maar hulle doen dit net in hul binnekring en nie in die openbare domein of tussen nie-Jode nie. Die deelnemers se meestal skokkende gewaarwordinge en diep skaamte oor hulle eie voormalige onkunde, nalatigheid en dubbele standaarde lei hulle na eerlikheid. Hulle is aangetrokke tot integrasie en nie tot vermyding nie. Hulle verwerk nuwe inligting, pas aan en probeer om hulle houdings en gedrag met die werklikheid te kalibreer – selfs al beteken dit dat hul gemeenskappe hulle byna verwerp. Jode wat Israel beskerm, bestempel byvoorbeeld mede-Jode wat eerlik is oor Israel se wandade as Jode “wat hulleself haat. Hulle [Sionistiese Jode] voel dus wel op 'n manier skaamte, maar sodra hulle hulself vanaf individue soos ek distansieer, voel hulle weer gemaklik” (Momborg 2017:132; my invoeging).

Woede gee in die gevallestudie nie aanleiding tot negatiwiteit in die vorm van verwerping of haat nie. Dit word eerder geassosieer met 'n dringende verantwoordelikhedsin, 'n trekkrag, 'n missie en 'n dwingende gedreweheid om na vore te tree om veral die Sionistiese ideologie en die gepaardgaande vals inligting te ontbloom: “Ek dink woede is nie 'n slegte ding nie. Ek dink dit kan, as dit behoorlik erken word, as 'n wonderlike brandstof vir 'n beweging gebruik word” (Momborg 2017:122). Dis dus nie soseer feite en bewyse wat oortuigings in aksie laat oorgaan het nie, maar eerder 'n “baie diep gevoel van verontwaardiging” (Momborg 2017:122), of 'n intense besef dat niks die grootskaalse uitmoor, verwonding, ontworteling en onderdrukking van derduisende kinders, vrouens en mans oor dekades heen – bloot op grond van die feit dat hulle Arabies is – kan regverdig nie.

Benewens aanduidings van pertinente modi soos keuses, gevoelens, geroepenheid of 'n verantwoordelikhedsin, is daar ook sprake van organisatoriese beginsels wat moeiliker of glad nie in woorde vasgevang kan word nie. Hierdie vaer faktore kom dikwels in wisselwerking met ander organiserende beginsels by dieselfde persoon na vore. 'n Jong Israeli praat byvoorbeeld van 'n logiese volgorde van gebeure wat daartoe gelei het dat sy verskuif het van 'n toegewyde en oortuigde Sionis na iemand wat Palestynse boere tydens hulle jaarlikse olyfoeste help beskerm teen aanvalle deur onwettige Israeli-setlaars. Daarby verwys sy egter ook na die rol van toeval, en nog later in haar onderhoud besef sy dat sy nie noodwendig al haar aanvanklike dryfvere verstaan of kan verwoord nie:

[H]oekom ek die standpunt inneem, waarom – ek weet nie. Ek dink jou vrae laat my besef dat ek nie eintlik weet hoe om dit behoorlik te formuleer nie, maar ek dink dis eintlik meer 'n instinktiewe soort ding. Ek weet nie, ek dink, soos ek al gesê het, ek was altyd vol opinies en dit het net gevoel of hierdie soort stemme gehoor moet word, dat dit vra vir 'n openbare uitroep van verontwaardiging en of ek mense uit hul selfvoldaanheid moes skud. Ek weet nie, ek het net gevoel dit moes gedoen word. (Momborg 2017:123)



Soos hierdie jong vrou, is ook ander nie heeltemal seker van die presiese redes, of al hulle redes nie. Hulle wonder byvoorbeeld of hulle nie dalk dinge aan die hand van 'n nawete of iets soos 'n bewussynstroom probeer verklaar nie. 'n Verskeidenheid redes is moontlik, meen 'n Suid-Afrikaner wat byvoorbeeld nuuskierigheid, toeval en noodlot, geleentheid, organiese ontwikkeling, die gebruik van sy eie talente, bewuste keuses en dat dinge soms ook volgens hul eie pas ontwikkel, opnoem: “Ek gaan sit nie en besluit oor hierdie dinge nie. Hierdie dinge het gebeur. Verder leer ons elke dag” (Momberg 2017:123). Om nie al die presiese redes vir toetrede te weet nie, word egter nie as problematies ervaar nie: “Ek is deel van 'n stryd om van hierdie wêreld 'n beter plek te maak en ek weet nie hoekom nie. Ek kan nie – ek het nie – ek het dit nog nie uitgepluis nie. En ek is nie ongemaklik om nie die antwoorde te hê nie” (Momberg 2017:124). In haar terugblik op die tyd voor haar toetrede noem 'n Israeli ook die moontlikheid van 'n dieper bewussyn wat anderkant logiese antwoorde lê: “Jare later het ek ontdek al my vriendskappe en konneksies was met radikale linksgesindes in dié tyd toe ek gedink het ek is eensaam in 'n ongelukkige huwelik. Selfs onbewustelik is dit dus my keuse” (Momberg 2017:124).

Sekere indrukke dui op 'n sensasie van 'n trekkrag en ander weer op 'n stootkrag. Wat ook al die presiese aard en vorm van motivering mag wees, daar is eenstemmigheid en duidelikheid dat 'n baie sterk persoonlike appèl hulle genoop het om tot die openbare domein toe te tree. Dit mag onmoontlik wees om volledig en akkuraat te weet wat daartoe aanleiding gegee het, maar nie een betwyfel sy of haar verantwoordelikheid om 'n verskil te probeer maak nie. Vir 'n jong vrou van Israel is haar toewyding deel van haar identiteit en net eenvoudig iets wat sy is. Net so ervaar iemand met beide Israeliese en Suid-Afrikaanse burgerskap die kwessie so na aan haar dat sy dit nie net kon daar laat nie. Haar besef dat sy 'n vals realiteit aangehang het, het haar vasberade gemaak om die feite een vir een te ondersoek – selfs al het haar nuutgevonde posisie reglynig verskil van dié van haar familie. Sy en talle ander wat besef het dat hulle onwetend ideologiese valshede aangehang het, kon net nie bloot toeskouers wees nie. Dit het hulle prioriteit geword om die wanvoorstellings te konfronteer.

Dit was dus nie maklik om een enkele, of selfs die diepste of die sterkste, handelingsmodus vir die oorgang vanaf onbetrokkenheid tot aktiewe voorspraak vir Palestynse regte te bepaal nie. Kennis van die presiese aard en vorm van hierdie dimensie van hul motivering is ook nie só belangrik vir die respondente nie. Wat wel vir hulle voorop staan, is dat almal iets binne-in hulleself kon voel, 'n persoonlike appèl, bo en behalwe die logiese, feitelike meriete van die saak. Almal het gevoel dat hulle nie die saak kon ignoreer nie, selfs al het dit dekades geduur voordat hulle tot openbare voorspraak toegetree het. Een van die sterkste sekerhede onder die respondente is hulle noodsaak vir selfondersoek en om teenstrydighede tussen voormalige sienings, die werklikheid en hul waardes in die oë te kyk. Dalk som 'n ouer en voormalige Sionistiese Israeli die wisselwerking tussen wete en raaisel ten beste op wanneer hy verwys na sy eie tydperk van besinning en inkeer:

Miskien was die [Jom Kippoer-] oorlog 'n katalisator, ja, 'n katalisator. Miskien sou ek sonder die oorlog vroeër of later by die dieselfde punt uitgekom het, maar as ek my vinger moet plaas op een aspek, een faktor, wat my van regs na links geneem het, sou ek sê dit [was] my ervaring tydens die maande waarin ek in die hospitaal gelê het nadat ek gewond is. (Momberg 2017:124; my invoegings)

### 3.3 Snellers en katalisators

Of hulle van jongs af betrokke was al dan nie, of hulle ook by ander kwessies betrokke was of nie, en of hulle aktivisme die gevolg was van skielike insigte, geleidelike ervarings of reeds bestaande oriëntasies – almal het sekere beduidende ervarings in die vorm van interaksies, gebeure of ander insette opgenoem. Hierdie kontekstuele insette is ervaar as beduidende invloede of figuurlike hefbome wat dadelik of in latere stadiums hulle insigte sodanig vergestalt, gefokus, verreken, of verhoog het dat hul dit beskou as snellers of katalisators wat hul aanvanklike verbintenis tot die Palestynse saak aangewakker het. Hierdie stimuli, wat ook soms deel is van 'n reeks ingrypings, kan aan die hand van vier breë groepe beskryf word.

Eerstens, en sonder uitsondering, het kennis van, of blootstelling aan ander kwessies rakende, die wêreld se onderdrukte hulle beïnvloed. Die Palestynse saak is gesien as deel van 'n groter ruimte in 'n breër stryd vir gelykheid en menswaardigheid en téén diskriminasie, eiegeregtigheid, meerderwaardigheid en 'n patriargale wêreldorde. Nóg nasionalisme, nóg die idee van lojaliteit teenoor 'n enkele godsdiens of kultuur inspireer hulle. Niemand meen dat die Palestyne meer spesiaal of interessanter as ander is nie. Daar was enkele verwysings na diereregte en omgewingskwessies, maar die fokus was op die marginalisering van mense deur rassisme, genderdiskriminasie, militarisme, kolonialisme, hebsug, armoede, magmisbruik, vreemdelinge-haat, klasseverdeling en ongelykheid. Suid-Afrikaanse apartheid en die land se voortgesette stamgebaseerde bewussyn, ekonomiese ongelykheid en vreemdelinge-haat is herhaaldelik en breedvoerig opgehaal as 'n konteks wat insig bied. Die vervolging van Jode in Europa en die lyding van Afrikaners onder Britse heerskappy; die onderdrukking van Afrikaners, inheemse Amerikaners en die Australiese Aborigines; slawerny, kolonisering en imperialisme asook die kontekste van Wes-Sahara, Tibet, Kuba, Swaziland, die Kongo, Viëtnam, Indo-Sjina, die Balkan en Rwanda en vele ander is genoem. Soweto, Distrik Ses, Berlyn, Kigali, Gaza, Hebron, Bethlehem, Ferguson, Jerusalem, Nablus en sovele ander plekke is gesien as deel van dieselfde web van misdade teen mense.<sup>4</sup>

'n Tweede groep katalisators behels die bydraes van mense. Talle meld die positiewe én die negatiewe insette van familielede soos grootouers, ouers, broers, susters, lewensmaats, kinders en andere. Blootstelling aan openbare figure, skrywers, intellektuele, geestelikes, aktiviste en Palestyne het ook hulle insigte op positiewe maniere verbreed en verdiep. Dit sluit ervarings in by platforms soos die VN se wêreldkonferensie teen rassisme in Durban (2001); die Russell-tribunaal se sittings oor Palestina in Kaapstad (2011), New York (2012) en Brussel (2014); asook 'n konferensie van die Palestynse Christene in Bethlehem (2009) en die Palestynse Kairos-dokument (Kairos Palestina 2011). Die Palestyne se oproep tot internasionale solidariteit aan die hand van die BDS-veldtog is egter nie genoem as 'n rede vir toetreding nie. Een moontlike verklaring hiervoor is dat net meer as die helfte van die deelnemers aan die navorsing reeds voor die BDS-oproep van 2005 aktiviste was. 'n Ander rede is dat die respondente – wat inderdaad toegewyde ondersteuners van die BDS-veldtog is – dit as 'n strategie of 'n taktiek beskou, maar nie as 'n rede waarom hulle aktiviste is nie. Soos reeds genoem, is hulle egter wel uitdruklik gekant teen die normalisering van verhoudinge met Israel. Hoewel hulle dus die inhoud van die BDS-veldtog onderskryf en ook dienooreenkomstige aksies onderneem, is hulle toetreding geaktiveer deur die behoefte om met integriteit te leef en om onreg reg te stel. Hierin is die BDS-veldtog deel van 'n versameling toepaslike instrumente.

'n Magdom mense het egter die deelnemers positief geïnspireer. Onder hulle tel Martin Luther King, Mahatma Gandhi, Frantz Fanon, Amílcar Cabral, Paulo Frere, Che Guevara, Samora

Machel, Trevor Huddleston, Terry Eagleton, Malcolm X, Gitta Sereny en Claudia Brodie. Dit geld ook vir Jode soos Saul Alinsky, Noam Chomsky, Illan Pappé, Uri Davis en die rabbi's van die Neturei Karta; asook Palestyne soos Muhammad al-Durrah se pa, Walid Khalidi, Edward Said, Leila Khaled en Christen-Palestynse. Laastens is daar ook Suid-Afrikaners soos Nelson Mandela, Neville Alexander, Steven Friedman, Ronnie Kasrils, Mercia Andrews, Farid Esack, Zapiro, Ashwin Desai en Beyers Naudé.

Daarby is die konstruktiewe én destruktiewe impak van dialoog- of gespreksgroepe in Israel, die VSA en Suid-Afrika genoem. Enkele respondente het in sulke groepe die ongelukheid tussen Israel en die Palestyne gesnap, maar hulle insigte was telkens die uitsondering. Die deelnemers het dialooggroepe dus heftig gekritiseer weens die neiging om die onderdrukker en onderdrukte as gelykes te hanteer. 'n Moslem-Suid-Afrikaner het byvoorbeeld tydens sy skooljare en kort ná 9/11 vir twee weke 'n intergeloofkamp in die VSA bygewoon. In daardie stadium het hy die idee van dialoog as 'n middel om die Israel-Palestynse konflik op te los, aangehang. Hy het eers later besef dat as faktore soos die konsekwente nakoming van internasionale reg, die VSA se gevestigde militêre en besigheidsbelange in Israel en laasgenoemde se koloniale agenda en apartheidsbeleid nie in die gesprekke in ag geneem word nie, sulke platforms misleidend kan wees. Hy en ander respondente argumenteer dat enige vorm van dialoog wat nie in inhoud én in vorm die wanbalans in mag tussen die Palestyne en Israel erken en eerlik daarmee omgaan nie, die ongeregtigheid verdiep.

Derdens het 'n verskeidenheid lewens- en wêreldbeskouings, ideologieë, spirituele en godsdienstige oortuigings die deelnemers gesensitiseer. Hieronder tel die Swart Bewussyn-beweging, Marxisme, feminisme en humanisme; dissiplines en praktyke soos meditasie, studie en groepswerk wat innerlike groei aanwakker; eksistensiële opvattinge en oriëntasies van die transendente; asook die inklusiewe posisionering van spesifieke religieuse tradisies soos Judaïsme, die Christendom, Islam en Boeddhisme. Ondanks hierdie verskeidenheid van raamwerke word almal deur empatie en meelewing, eerlikheid en openlikheid, geregtigheid en gelykheid en inklusiewe menswaardigheid aangespoor. Die betekenis van hierdie waardes word duidelik soos wat die respondente hulle redes vir voortgesette aktivisme bespreek, en ek brei nie hier daarop uit nie. Wat egter wel ter sake is vir die huidige bespreking, is almal se kristalheldere begeerte na die konsekwente toepassing van waardes. 'n Moslem verwoord sy aanvangsredes – wat ook tot die voortsetting van sy aktivisme bydra – soos volg:

Wel, daar moet hierdie onderliggende liefde wees. Ek het geen spesifieke voorkeur vir die Palestynse kultuur, kos of taal nie. Ek het dit nie. Dis hierdie liefde wat die basis is. Liefde vir 'n ander mens ... dis 'n noodsaaklike element. Dit moet die beginpunt wees waarom jy opstaan teen vreemdelinge-haat, rassisme en huishoudelike geweld – die liefde vir iemand se mensheid. Wat my nog aanspoor, ek dink ook die idee om aan die boelie te sê hy is verkeerd en dat jy die boelie kan stop. Ek weet nie, miskien kry ek 'n soort bevrediging daaruit? Ek weet nie of dit deel daarvan is nie. (Momborg 2017:262)

Laastens het ervarings en vertellings van fisieke geweld die deelnemers beïnvloed en tot aksie laat oorgaan. Prominente vermeldings sluit die geweld tydens die eerste en die tweede *intifadas* (Palestynse opstande, 1987–1993 en 2000–2005) in, asook Israel se talle vergrype in Gaza en die opofferings van strydere in die gewapende stryd teen Suid-Afrikaanse apartheid. So het 'n Joodse Suid-Afrikaner wat na apartheid met veterane gewerk het, vertel van die voormalige strydere se innerlike stryd om hulle eie moraliteit op te offer vir 'n saak wat hulle groter as hulleself geag het. Dit het haar empatie laat ontwikkel met die Palestyne se stryd. Sy staan nie

geweld voor nie, maar die wroeging van mense wat nie ander opsies raaksien nie, het haar bewus gemaak van hulle krisis. Iemand anders wat weer saam met haar gesin die Engelse nuus oor die eerste *intifadas* op Jordaniëse televisie gevolg het omdat dit nie in Israel dekking ontvang het nie, se seun het op grond van hierdie uitsendings besluit om dienspelig in Israel te weier. Sy weiering het haar aangepor tot nadenke en navorsing en dit het uiteindelik bygedra tot haar toetrede tot aktivisme.

#### 4. Samevatting

Volgens die Palestynse teoloog Mitri Raheb (2014b) omvat die term *Palestynse projek* beide die Palestyne se ervarings van voortgesette pyn en verdrukking op verskeie vlakke (polities, finansiële, sosiaal, etnies, wetlik, militêr, teologies, ekologies en so meer) én hulle stryd om vryheid gebaseer op geregtigheid. Hierdie beskrywing van die *Palestynse projek* of *saak* met al die kennis wat dit veronderstel, was nie bekend aan die aktiviste tydens die fase van toetrede nie. Hulle kennis en die omvang en besonderhede van die onreg het eers later ontwikkel.

Tog was daar sekere basiese insigte waarvoor almal tydens hulle toetrede wel duidelikheid gehad het. Die eerste hiervan is dat die probleem tussen Israel en die Palestyne nie 'n konflik tussen gelyke partye is nie. Dis eerder 'n doelbewuste militêre, ekonomiese, sosiopolitiese en etniese onderdrukking wat Israel by verre bevoordeel en die Palestyne by verre aan die kortste ent laat trek. Die onderdrukking van die Palestyne is stelselmatig en veelvlakkig. Die verhouding tussen Israel en die Palestyne is dus dié van 'n onderdrukker en 'n onderdrukte groep. Tweedens was dit vir almal duidelik dat 'n magdom naïewe konstruksies, mites, gefabriseerde en vals inligting – kortom, wye onkunde en soms ook doelbewuste oneerlikheid – hulle onderskeie samelewings se menings oor Israel en die Palestyne kleur. Dit, so meen die respondente, vereis dringende regstelling.

Nog 'n gedeelte gewaarwording was dat die Israel-Palestynse kwessie nie 'n dooiepunt bereik het soos baie redeneer nie, maar dat daar verskeie opsies is. Mense het byvoorbeeld die vermoë om te reageer, om keuses uit te oefen, om waardes soos meeleving, empatie, eerlikheid, openlikheid, geregtigheid en gelykheid te beliggaam en om aanpassings in persoonlike én sosiale identiteit te maak. Dit gaan ook nie bloot net oor die feit dat mense keuses kan uitoefen nie. Hierdie onreg wat reeds so lank duur, plaas 'n appél op die internasionale gemeenskap om dit te beëindig. Vir die respondente is hulle verantwoordelikheid om op die onreg te reageer ononderhandelbaar. Integriteit, oftewel 'n eerlike, konsekwente en inklusiewe toepassing van waardes ten opsigte van almal en in alle omstandighede, is deurgaans as 'n rigtinggewende faktor beskou.

Nie een van die respondente was tydens hulle toetrede bekend met Raheb se omskrywing van die sogenaamde Palestynse saak nie. Ten spyte hiervan, en nieteenstaande die verskeidenheid van ervarings, blootstellings en handelingsmodi wat ek bespreek het, is al 21 respondente se toetrede tot die Palestynse stryd gekenmerk deur drie basiese kerninsigte: (a) Hulle beskou die spanning tussen Israel en die Palestyne nie as 'n konflik tussen twee gelyke partye nie. (b) Hoofstroomidees oor wie en wat Israel is én doen, is grootliks vals. (c) Elke mens het 'n keuse, en hulle wil deel wees van iets wat die onreg kan help beëindig. 'n Mens sou dus kon redeneer dat hierdie drie kerninsigte deel was van wat hulle tydens hul toetrede as die Palestynse saak beskou het.

Die invalshoeke in hierdie artikel belig verskillende soorte dryfvere met telkens andersoortige, dog verweefde verklarings vir die redes waarom burgers van Suid-Afrika en Israel beweeg het van onbetrokkenheid na betrokkenheid by die Palestynse bevrydingstryd. Almal het gestreef na sinergie tussen hulle innerlike en uiterlike ruimtes en daarom moes sommige verskuiwings maak in hulle lojaliteite en persepsies. Almal is bewus van organiserende beginsels wat moontlik tot hulle toetredes gelei het, asook van bydraende kontekstuele faktore. Almal het ook oor dieselfde basiese gewaarwordings beskik toe hulle by die Palestynse bevrydingstryd aangesluit het.

Omdat die stellings oor toetrede in die data self begrond is, kan 'n mens redeneer dat die bevindinge slegs op die gevallestudie van toepassing is en dat soortgelyke navorsing met ander mense in 'n ander tydgleuf ander resultate sou kon oplewer. Dit is uiteraard nodig om hiervoor ruimte te laat, maar daar mag ook 'n ander moontlikheid wees.

Die sentrale kwessie wat al die deelnemers in die gesig gestaar het tydens hulle kennismaking met die lot van mense buite hul landsgrense – die Palestyne – was die behoefte om hulle moraliteit sodanig uit te leef dat dit in pas is met die eise van die uiterlike werklikheid. Dit is die kompas wat uiteindelik hulle reaksies laat uitloop het op aktivisme. In die proses skram hulle nie weg van nuwe insigte nie, selfs al behels dit intense selfevaluering en emosionele pyn. Hulle probeer meerderwaardigheid, uitsluiting en ander vorme van diskriminasie en onderdrukking oorkom sodat almal menswaardig, vry en regverdig behandel word. Hiervoor is woorde, empatie en liefdadigheid nie genoeg nie. Daadwerklike bydraes vir 'n verandering van die sisteem – oftewel aktivisme – word 'n noodsaaklike element in die uitleef van hulle persoonlike en sosiale integriteit.

Dit beteken egter nie dat hulle, of enigiemand anders wat dieselfde voel oor integriteit, by alle ongeregtighede in die wêreld betrokke sal raak nie. Dit is eenvoudig nie menslik moontlik om so diep met so baie sake om te gaan nie. Boonop het verskillende mense verskillende belangstellings. En tog: ek kan nie anders nie as om te wonder of dit moontlik is dat andere wat integriteit op dieselfde geïntegreerde manier verstaan en deur 'n proses van blootstelling en sensitisering soortgelyke insigte bereik, dalk ook openlik die beëindiging van die massiewe onreg teenoor die Palestyne sal ondersteun.

## Bibliografie

Adalah. 2017. The Discriminatory Laws Database. Webwerf van die regsentrum vir Arabiese minderheidsregte in Israel. <https://www.adalah.org/en/content/view/7771> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

Babbie, E.R. en J. Mouton (reds.). 2001. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.

Barghouti, O. 2011. *BDS: Boycott, Divestment, Sanctions. The global struggle for Palestinian rights*. Chicago, IL: Haymarket.

—. 2014. Notas van 'n vergadering, 6 Julie, Seepunt, Kaapstad.

- Davis, U. 2003. *Apartheid Israel. Possibilities for the struggle within*. Londen: Zed.
- De Vos, A.S., H. Strydom, C.B. Fouché en C.S.L. Delport. 2011. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Dimbleby, J. 1979. *The Palestinians*. Londen: Quartet.
- Ellis, M.H. 2009. *Judaism does not equal Israel: The rebirth of the Jewish prophetic*. New York: New Press.
- Ellis, M.H. 2014. *Future of the prophetic. Israel's ancient wisdom re-presented*. Minneapolis, MN: Fortress.
- Erakat, N. en R. Madi. 2012. UN Committee 2012 Session concludes Israeli system tantamount to apartheid. *Jadaliyya*. <http://www.jadaliyya.com/Details/25970/UN-Committee-2012-Session-Concludes-Israeli-System-Tantamount-to-Apartheid> (4 Maart 2019 geraadpleeg).
- Greig, R. 2018. The young Israelis imprisoned for refusing to serve in the IDF. Refusenik redefined. <https://www.huckmag.com/perspectives/reportage-2/young-refuseniks-israel-defence-force> (4 Maart 2019 geraadpleeg).
- “If Americans Knew” Kantoor- en bestellingskoördineerder (orders@ifamericansknew.org), 9 Februarie 2014. Re: Shrinking map card files. E-pos aan Marthie Momberg; e-pos-adres weerhou).
- Israel & US formally ditch UNESCO. 2019. International Middle East Media Centre. <https://imemc.org/article/israel-us-formally-ditch-unesco> (4 Maart 2019 geraadpleeg).
- Jones, C. 2018. Morele leierskap noodsaaklik vir versoening – toegepas op die Israel-Palestina konflik. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(3):501–17 <http://www.scielo.org.za/pdf/tvg/v58n3/04.pdf> (16 Januarie 2018 geraadpleeg).
- Kairos. 2015. *Kairos 30th Anniversary Statement: Dangerous memory and hope for the future*. Verklaring van “Kairos: Dangerous Memories international conference” [www.karibu.no/document/kairos-30th-anniversary-statement-dangerous-memory-and-hope-for-the-future](http://www.karibu.no/document/kairos-30th-anniversary-statement-dangerous-memory-and-hope-for-the-future) (25 Januarie 2019 geraadpleeg).
- Kairos Palestina. 2011. 'n Oomblik van waarheid: 'n Woord van geloof, hoop en liefde uit die hart van die Palestynse lyding. [https://kairospalestine.ps/sites/default/files/Afrikaans\\_0.pdf](https://kairospalestine.ps/sites/default/files/Afrikaans_0.pdf) (4 Maart 2019 geraadpleeg).
2017. MEMO Middle East Monitor. Rabbi denied entry to Israel over support for BDS. <https://www.middleeastmonitor.com/20170725-rabbi-denied-entry-to-israel-over-support-for-bds> (14 Januarie 2019 geraadpleeg).
- Momberg, M. 2017. Why activists? A case-study into the self-perceived motivations of selected South Africans and Jewish Israelis in the Palestinian project. Proefskrif voorgelê vir

die graad Doktor in Filosofie in die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch  
<http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/101119> (9 April 2019 geraadpleeg).

Pappe, I. 2013. *The ethnic cleansing of Palestine*. Londen: Oneworld.

Raheb, M. 2014a. *Faith in the face of empire: The Bible through Palestinian eyes*.  
New York, NY: Orbis.

—. 2014b. Persoonlike onderhoud. 8 Junie. Kaapstad.

Sand, S. 2010. *The invention of the Jewish people*. Vertaal deur Y. Lotan. Londen: Verso.

Sharp, J. 2018. *U.S. Foreign aid to Israel*. Congressional Research Service, Report prepared for Members and Committees of Congress <https://fas.org/sgp/crs/mideast/RL33222.pdf> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

Spangenberg, S. en C. van der Westhuizen, 2018. Kritiese besinnings oor die Israelse eiendomsaansprake op Palestina. *LitNet Akademies*, 15(3):95–137. <https://www.litnet.co.za/kritiese-besinnings-oor-die-israelse-eiendomsaansprake-op-palestina> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

Tilley, V. 2009. Report: Israel practicing apartheid in Palestinian territories. *Human Sciences Research Council*. [www.hsrc.ac.za/en/media-briefs/democracy-governance-and-service-delivery/report-israel-practicing-apartheid-in-palestinian-territories](http://www.hsrc.ac.za/en/media-briefs/democracy-governance-and-service-delivery/report-israel-practicing-apartheid-in-palestinian-territories) (24 Januarie 2019 geraadpleeg).

Verenigde Nasies. 2002. *Roomse Statuut van die Internasionale Geregshof*.  
<http://legal.un.org/icc/statute/romefra.htm> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

Verenigde Nasies se kantoor vir die koördinerende van humanitêre sake. Besette Palestynse gebied. 2015. *Fragmented lives. Humanitarian overview 2015*. <https://www.ochaopt.org/search/node/fragmented%20lives> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

—. 2017a. West Bank Area C: Key Humanitarian Concerns. <https://www.ochaopt.org/content/west-bank-area-c-key-humanitarian-concerns> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

—. 2017b. *Fragmented lives: Humanitarian overview 2016*. <https://www.ochaopt.org/search/node/fragmented%20lives> (4 Maart 2019 geraadpleeg).

What we think, 2019. We can win on Palestine. *Socialist Worker*, 2635.  
<https://socialistworker.co.uk/art/47690/We+can+win+on+Palestine> (14 Januarie 2019 geraadpleeg).

Wikipedia 2019. Basic Law: Israel as the Nation-State of the Jewish People.  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Basic\\_Law:\\_Israel\\_as\\_the\\_Nation-State\\_of\\_the\\_Jewish\\_People](https://en.wikipedia.org/wiki/Basic_Law:_Israel_as_the_Nation-State_of_the_Jewish_People) (14 Januarie 2019 geraadpleeg).

## **Eindnotas**

<sup>1</sup> Dié studie (wat as “hoë-risiko”-navorsing deur die universiteit geklassifiseer is) se etiese klaring het meegebring dat verskeie stappe gedoen is om die veiligheid van die data en dié van die respondente te beskerm. Die deelnemers het toestemming verleen dat die bevindinge van die studie gepubliseer mag word met dien verstande dat hulle anonimiteit beskerm word.

<sup>2</sup> Israel is ’n militêre supermoondheid in die streek wat jaarliks miljarde dollars van die VSA ontvang, en hulle mag die geld ook vir militêre doeleindes gebruik. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het Israel meer fondse as enige ander land vanaf die VSA ontvang (Sharp 2018:2).

<sup>3</sup> Of Israel apartheid toepas of nie, moet nie geëvalueer word in terme van die Suid-Afrikaanse geval nie, maar wel volgens hoe apartheid in die internasionale reg gedefinieer word. Die Roomse Statuut van die Internasionale Geregshof (Verenigde Nasies 2002:6) bepaal dat wanneer ’n hele groep mense op grond van ras sistematies onderdruk en oorheers word met die bedoeling om sodanige bewind van onderdrukking en dominansie van een rassegroep oor ’n ander in stand te hou, dit apartheid behels.

<sup>4</sup> Soos die respondente se blootstelling, kennis en insigte ontwikkel en verdiep het deur die loop van hulle aktivisme, het hulle toenemend die verband tussen die plaaslike konteks en die breër morele uitdaging van onreg in die wêreld besef. Hierdie kwessie ontwikkel uiteindelik tot een van die hoofredes vir volgehoue aktivisme.